# Voorwoord

Hierdie gedenkuitgawe is ’n produk van die subprogram Regeerkunde en Transformasie. As sodanig is dit ’n geleentheid vir verskeie jong akademici om saam met meesters soos proff. B.J. (Bennie) van der Walt en J.F. (Johan) Kirsten te publiseer. In hierdie uitgawe word ’n beeld gegee van die kontemporêre politiek met perspektiewe wat wissel tussen analities, beskrywend en normatief tot die praktiese evaluasie van die nuwe uitdagings wat hoër onderriginstellings konfronteer. Hier word, in ’n neutedop, ’n venster gebied op heersende realiteite en ’n immer-veranderende omgewing.

Mnr. J.C.M. Venter en prof. André Duvenhage fokus op die Polokwane konferensie en die implikasies van die waterskeidingsbesluite wat hier geneem is vir die “tweede politieke transisie” in Suid-Afrika. Die nuwe hegemonies dominante ANC, met ’n sterker ideologiese basis, word geanaliseer en potensiële uitkomstes/scenarios word gepostuleer.

Prof. J.F. Kirsten kyk na die Afrikakontinent en analiseer die nuwe positiewe neigings asook die ou uitdagings wat aan die begin van die 21e eeu duidelik is. Hy reflekteer oor nuwe ekonomiese groei, nuwe prodemokratiese bewegings en die beëindiging van ou konflikte.

Prof. B.J. van die Walt formuleer perspektiewe vir normatiewe politiek en rekonstueer die boodskap van die Instituut vir Reformatoriese Studie (IRS) gedurende die periode 1976-1996. In die eerste deel van sy artikel word ’n wêreldbeskouing wat as grondslag vir ’n Christelike perspektief op politiek dien, gedefinieer en beskryf.

Mnr. P.W. Heidenrych beskryf die tekortkomings van die plaaslike regeringstelsel waar dit verband hou met die verdieping van deelnemende demokrasie. Hy hou die gebrek aan diepte en kwaliteit in plaaslike demokrasie voor as ’n tekort binne interregeringsrelasies.

Prof. G. van der Waldt definieer “structures of governance” as die strukture wat beklee is met mag en verantwoordelikheid en op hierdie wyse organisasies saambind. Met ’n groeiende beklemtoning van ’n projekperspektief by beleidsimplementering en dienslewering moet strukture en meganismes gevestig word om duidelike skakeling tussen tydelike projekorganisasies en permanente strukture te fasiliteer.

Mnr. A. Schoeman beskryf die klemverskuiwing wat plaasgevind het in die perspektief op ingeplofde state, weg van regionale humanitêre krisispunte na moontlike bedreigings vir globale sekuriteit. In dié verband het veral die VSA se beleidmakers ingeplofde state begin sien as potensiële bronne vir terroristebedreigings. Hierdie hernude belangstelling het ’n aantal gebreke in die huidige literatuur aan die lig gebring.

Mnr. D. van Schalkwyk verskaf ’n oorsig oor die regering se formulering van die taxiherkapitaliseringsbeleid wat gemik is op die regulering van die minibusindustrie. Dit word gedoen tesame met ’n sosiale, politieke en historiese kontekstualisering van hierdie beleid.

Me. L. Vermeulen evalueer die e-gereedheid van webgerugsteunde leerfasiliteerders teen die agtergrond van onlangse veranderings binne hoër opvoedingsinstansies. Die nuwe vereistes om tegnologie in leer en onderigaktiwiteite te inkorporeer, word uitgesonder vir spesifieke aandag.

Hierdie groep talentvolle en meestal jong akademici bring aktualiteit en leesbaarheid in hierdie uitgawe van *Koers*. Die hoop word uitgespreek dat hulle hierdie as ’n beginpunt van lang en vrugbare navorsingsloopbane sal gebruik.

**André Duvenhage**
**Gasredakteur**

# Preface

This commemorative edition is a product of the subprogram for Governance and Transformation. As such it is an opportunity for various young academicians to publish alongside masters of the art such as Proff. B.J. (Bennie) van de Walt and J.F. (Johan) Kirsten. Within these pages an overview is provided of contemporary politics, with perspectives ranging from analytical, descriptive and normative to the practical appraisal of the new challenges facing institutions for higher education. In a nutshell this edition of *Koers* provides a window on current realities and an ever-changing environment.

Mr. J.C.M. Venter and Prof. A. Duvenhage focuses on the Polokwane conference and the implications of the watershed decisions taken at this conference for “a second political transition” in South Africa. The new hegimonically dominant ANC, with a stronger ideological base, is analysed and potential outcomes/scenarios are postulated.

Prof. J.F. Kirsten looks at the African continent and analyses the new positive trends and old challenges discernable at the beginning of the new century. He reflects on new economic growth, new prodemocracy movements, and the ending of several long standing conflicts.

Prof. B.J. van der Walt formulates perspectives for normative politics and reconstructs the message of the Institute for Reformational Studies (IRS) during the period 1976-1996. In the first part of his article a worldview that serves as foundation for a Christian perspective on politics is set apart and described.

Mr. P.W. Heidenrych describes the deficiencies of the local government system that relates to the role of this sphere of government in the deepening of participatory democracy. He proposes that a lack of depth and quality in local democracy compromises the system of intergovernmental relations.

Prof. G. van der Waldt defines structures of governance as those that carry accountability and power and so binds organisations. With a growing emphasis on project applications for policy implementa-

tion and service delivery, mechanisms or structures should be established to facilitate clear interfaces between permanent organisation and temporary project organisation.

Mr. A. Schoeman describes the shifting emphasis on the failed state from a regional humanitarian problem to the recognition that these states could pose a significant threat to global security. In this regard US policymakers in particular, have identified failed states as sources of potential terrorist threats. This renewed interest has exposed a number of theoretical deficiencies in the body of literature regarding this phenomenon.

Mr. D. van Schalkwyk provides an overview of the government's formulation of the taxi recapitalisation policy aimed at the regulating of the minibus taxi industry. This is done together with a social, political and historical contextualisation of this policy.

Me. L. Vermeulen appraises the e-readiness of online learning facilitators against the background of recent changes in higher education institutions. The new demand to incorporate technology in teaching and learning activities is exempted for special attention.

This group of talented and mostly young academicians brings actuality and readability to this edition of *Koers*. The hope is expressed that they will use this as a starting point for long and fruitful research careers.

**André Duvenhage**
**Guest Editor**